

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 04 Handeling 15: 1-14, 10 -22, 28,29. Romeine 14: 1-9,15 – 18. Teks Hand. 15: 11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van God verlos word.(Direkte Afrikaanse vertaling DAV) Tema: "Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en insiklik met alle gewone sake." Hand. 15 is die eerste algemene kerkraadsvergadering van die Christelike kerk in die jaar 48 n.C. Die saak wat bespreek moet word, is hoe bekeer jy jou tot God en wie het tot bekering gekom. Hierdie kerkraadsvergadering is tussen die Joodse Christelike gemeente in Jerusalem en die Griekssprekend gemeente Antiogië. Die kerkraadsvertegenwoordigers uit Antiogië het orals op pad Jerusalem toe vir mense vertel van die bekering van die heidene tot God deur die prediking dat Jesus Christus en Here is. Hand. 15:3. Lukas wys vir ons met twee preke dat die BEKERING tot God is om in Jesus Christus te GLO. In Hand. 2: 22 – 36 preek Petrus die eerste Christelike preek vir Jode by die tempel na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Hy preek dat Jesus gelyk het, gekruisig is, gesterf het, uit die dood opgestaan het en vandag aan die regterhand van die Vader Christus en Here is. Hy preek die evangelie. Wanneer die Jode hom vra wat hulle moet doen, na sy preek, stel hy dat hulle tot bekering moet kom. Dit beteken hulle moet van die tempel, die offers in die tempel en die Tien Gebooie WEGDRAAI as die wyse om vir God reg te wees en reg te leef, en na Christus draai en GLO dat Hy hulle reg maak en reg laat leef deur die evangelie. Dit is HOE hulle, hulle tot God moet bekeer. Paulus preek amper woordeliks dieselfde preek op sy eerste sending reis (Hand. 13: 26 – 41) vir Jode én Grieke en roep hulle só tot bekering: "en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle nie deur die wet van Moses geregverdig kon word nie. (Hand.13: 39) Jode én Grieke se bekering tot God was om te GLO in Jesus Christus. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 04 Handeling 15: 1-14, 10 -22, 28,29. Romeine 14: 1-9,15 – 18. Teks Hand. 15: 11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van God verlos word.(Direkte Afrikaanse vertaling DAV) Tema: "Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en insiklik met alle gewone sake." Oor die bekering tot Christus het daar tussen die Joodse Christene en die Griekse Christene 'n heftige woordesstryd ontstaan in die gemeente in Antiogië. Joodse Christene het uit Jerusalem in Antiogië aangekom en gesien dat hierdie gelowiges laat hulle nie besny nie, hou nie die Sabbatdag nie en vier nie die Pasga of enige van die Joodse feeste nie. (Kolossense 2: 16) Daarom veroordeel hulle hierdie gelowiges en sê dat hulle nie gered is nie. (Hand.15:1) Volgens hierdie Joodse Christene is daar 'n ander soort bekering wat jou red as net die geloof in Jesus Christus se lyding en opstanding. Hulle het vir hierdie gelowiges gesê hulle is nie gered nie, al glo hulle in Jesus. Wat probeer hulle met hierdie oordeel wat hulle oor medegelowiges uitspreek, regkry? Hulle probeer hulle wat tot geloof in Christus

gekom het, bekeer asof hulle ongelowiges is! Hulle wat onder die sending van Paulus, Barnabas, Stefanus en ander predikers van die evangelie deel van die gemeente van die Here geword het, word 'n nuwe sendingveld maak. Hulle maak GELOWIGES die sendingveld van mense wat nog tot bekering moet kom voor hulle vergewe, gered en geregverdig kan wees. Daarom sê Lukas dat hierdie nie sommer 'n onbenullige meningsverskil en woorderstryd was nie. (15:2) Dit was die eerste aanval op gelowiges vanuit die kerkgeledere asof hulle nie bekeerd en gered is nie. Dit is 'n ernstige geloofsaak wat gaan oor hoe Jesus Christus en Here vir sy kerk is! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 04 Handeling 15: 1-14, 10 -22, 28,29. Romeine 14: 1-9,15 – 18. Teks Hand. 15: 11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van God verlos word.(Direkte Afrikaanse vertaling DAV)
Tema: "Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en insiklik met alle gewone sake." Die algemene kerkraadsvergadering in Antiogië se eenparige besluit was dat Joodse gelowiges nie ander gelowiges kan veroordeel as onbekeerd en ongered nie. Petrus het hierdie besluit in die vergadering soos volg gemotiveer: 1. heidene en Jode word op dieselfde wyse verlos, net deur genade van die Here Jesus - nie deur die wet van Moses nie. Hand. 15:11; 2. Jode en heidene se harte word op dieselfde wyse, net deur geloof in Christus gereinig Hand 15:9 en 3. Gelowige Jode én gelowige heidene ontvang die Heilige Gees as gawe deur Jesus Christus Hand 15: 8. Dit beteken Jesus maak gelowige Jode én gelowige heidene deel van een en dieselfde Dawids- en Abrahamsbeloftes (Lukas 1: 68 – 79) Met hierdie eenparigheid oor bekering en redding, maak Jakobus dan die voorstel dat vir die Grieke wat tot geloof in Christus gekom het die volgende drie voorskrifte gegee moet word:

1. Hulle moet nie vleis eet wat eers vir afgode as offer geoffer was en toe op markte verkoop is soos die gebruik van al die heidenvolke was nie.
2. Hulle moet nie vleis van diere wat verwurg was, en nie geslag was of bloed eet nie en
3. Hulle mag nie onsedelik wees nie.

Hierdie voorskrifte was nie 'n skikking met die Jode asof hierdie 3 voorskrifte nodig sou wees om bekeerd en gered te wees nie. Hierdie voorskrifte is die nuwe manier van GELOOFSGEHOORSAAMHEID wat Paulus só saamvat: "Die koninkryk van God is tog nie 'n saak van kos en drank nie, maar van geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees." (Rom. 14:17 DAV). GELOOFSGEHOORSAAMHEID is die nuwe wyse waarop gelowiges kompromieloos is oor koninkryksake en insiklik is oor gewone sake. Dit is ook hoe die nuwe besluit in Jerusalem in 48 n. C. geneem was, as geloofsgehoorsaamheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 04 Hand. 15: 1-14, 10 -22, 28,29. Rom. 14: 1-9,15 – 18.

Teks Hand. 15: 11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van God verlos word.(Direkte Afrikaanse vertaling DAV) Tema: "Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en insiklik met alle gewone sake." Christus maak ons en ons liefde deur sy lyding en opstanding vir reg God. Dit is Christus se nuwe koninkryk. Geloof en liefde is koninkryksake. Rom. 14:17. Al die dinge van die lewe wat God in sy voorsienigheid ons mee voorsien en mee versorg, soos kos en drank, en ook godsdienstige feesdae, is nie vir gelowiges koninkryksake nie. Rom. 14: 1 -6. Dit is nie meer sake wat vir gelowiges óf reg óf verkeerd is nie. Dié wat dit glo en doen, is reg en dié wat dit nie glo of wil doen nie, is ook reg - al is dit presies die teenoorgestelde oortuigings. Hieroor mag gelowiges nie mekaar veroordeel of minag as bekeer of onbekeer nie. Rom. 14:3. Paulus stel dat jou verskil met 'n medegelowige oor gewone sake mag nie 'n strydpunt wees oor wie bekeer of onbekeer is nie, maar "Hou die oortuiging wat jy hieroor het tussen jou en God." (Rom. 14: 22. DAV) Oor die KONINKRYKSAKE van geloof en liefde moet gelowiges egter kompromieloos wees: "Kom ons leef betaamlik, soos in die dag – nie met gefuif en dronkenskap nie, nie met ontug en losbandigheid nie," Rom. 13: 12 Die besluit van Hand. 15: 19,20 sal vandag só klink: wie alkohol gebruik tot eer van God en wie geen alkohol gebruik nie tot eer van God, leef beide reg, maar nie een van hulle mag sedeloos wees nie. Om nie offervleis aan afgode en verwurgde diere te eet nie, is nou gewone sake waarin gelowiges mekaar nie moet aanstoot gee nie Rom. 14: 15, maar sedeloosheid is 'n koninkryksaak, jy mag nie so wees nie. Hierdie ONDERSKEID tussen koninkryksake en gewone sake is nét moontlik omdat ons elkeen deur geloof in Christus tot God bekeer het. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 04 Hand. 15: 1-14, 10 -22, 28,29. Rom. 14: 1-9,15 – 18. Teks Hand. 15: 11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van God verlos word.(DAV) Tema: "Christus se genade maak ons kompromieloos in koninkryksake en insiklik met alle gewone sake." In die moderne Christelikheid vandag word die ONDERSKEID 'kompromieloosheid in koninkryksake' en 'insiklikheid in gewone sake' heeltemal omgekeer. In koninkryksake eis die moderne Christelikheid dat hulle geestelike oortuiging dat jy gered word deur God in jou lewe in te nooi en God se krag kry deur met sy goddelike gees vervul te word, aanvaar móét word as die kerk se wyse waarop jy jou tot God moet bekeer om gered te wees. Geloof in Christus is vir hulle nie genoeg om vergewe en geesvervuld te wees nie. Ons onderdanigheid en insiklikheid met hulle siening van koninkryksake word geëis met die voorwendsel dat elkeen wel sy eie spiritualiteit binne die kerk moet kan hê. Met hulle eis tot hierdie insiklikheid word gelowiges nou hierdie geestelikes se nuwe sendingveld. Terselfdertyd word gewone burgerlike sake nou voorgehou as kompromielose koninkryksake. Geestelikes stel dit aan Afrikaners dat die opgee van eiendom, werkgeleenthede en sportgeleenthede vir hul (en verál hulle kinders!) in die burgerlike lewe die offer aan God is om weer bekeerde versoenende Christene te wees na apartheid - anders is hulle onbekeerdes. Net so

maak hulle gelowiges uit as onbekeerdes as hulle nie vir die burgerlike geregtigheid van armes en onderdrukte teen owerhede opstaan nie. Wie nie sopkombuise wil bedryf en huise wil gaan reg maak in “townships” nie, is nou “onbekeerde gelowiges” wat nog nie die “missionale God” wat in die “townships” wag, ontmoet het nie. Só vervreem hulle ons van die geloofsonderskeid tussen koninkryksake en gewone burgerlike sake wat die eerste algemene kerkraadsvergadering in 48 nC. in Jerusalem geneem het. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus